**Wat sê jy van die Here Jesus? (OP226)**

**Joh 9:13-41**

**29 Junie 2025**

Laasweek het ons stilgestaan by die Here Jesus se genesing van die blindgebore man in Joh 9:1-12. Ons het gesien hierdie wonderteken was ‘n fisiese uitbeelding van wat dit beteken dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is. Alle mense het geestelik dieselfde aangebore probleem as hierdie blinde man – ons word almal in sonde gebore en is in die donker vasgevang in ons sondegeneigdheid. Daar is dringendheid om in hierdie donker wêreld die heerlike waarheid van die evangelie te verkondig dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is. Soos wat die blindgebore man se donkerheid opgeklaar is toe hy hom gaan was het in die bad van Siloam (letterlik: Gestuurde), so word mense gered van hulle geestelike donker as hulle hulle was in die bloed van die deur God Gestuurde, dit is in die Here Jesus. Sulke mense word bevry van hulle sondeskuld en geneigdheid, en dan verstaan hulle die sin van die lewe. Hulle lewens verander dramaties, soveel so dat dit duidelik sigbaar is vir ander mense, en dit laat die ander mense vrae vra oor hoe en deur wie hierdie verandering plaasgevind het.

Vandag wil ek by die res van Joh 9 stilstaan. In hierdie gedeelte lees ons juis van die verdere reaksie op die genesing van hierdie blindgebore man. Ons sien in hierdie gedeelte dat die daadwerklike optrede van die Here Jesus aanleiding gegee het tot ‘n hele debat waarby verskeie partye betrokke was. In hierdie debat word dit duidelik dat die verskillende partye geworstel het oor wat hulle moet maak met hierdie bonatuurlike genesing van die blinde man. Siende dat ons verstaan sy genesing is ‘n uitbeelding van die feit dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is, beteken dit dat die debat ten diepste daaroor handel oor hoe verskillende partye reageer op die feit dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is. En natuurlik is die implikasie dan ook dat elkeen van ons moet antwoord oor hoe ons hierop reageer. In beginsel is daar drie maniere waarop mens kan reageer: Jy kan verwerp dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is. Of jy kan besluitloos wees daaroor en eenvoudig nie standpunt inneem nie. Of jy kan dit aanvaar en glo. In die debat wat nou volg, word dit duidelik dat al drie hierdie reaksies na vore gekom het. Ek wil aldrie hierdie reaksies oordink, en daarna enkele toepassings maak.

<u>Reaksie 1: Verwerp die Here Jesus as die lig vir die wêreld</u>

Dit was die Fariseërs, d.w.s. die geestelike leiers, wat hierdie reaksie getoon het.

Lees Joh 9:13. Dit was die bure en die mense wat die blindgebore man geken het as ‘n bedelaar, wat hom na die Fariseërs gebring het. Ons hoef waarskynlik nie iets kwaadwillig in hulle optrede te sien nie – immers het hier ‘n opspraakwekkende genesing plaasgevind, en hulle wou waarskynlik bloot ‘n reaksie van hulle geestelike leiers hoor oor hoe hulle hierdie gebeurtenis moet verstaan.

Lees Joh 9:14. Dit is die eerste keer dat ons lees die genesing van die blinde man het op ‘n sabbatdag plaasgevind. Onmiddelik as jy dit lees, sak jou moed sommer in jou skoene. Ons onthou tog dat die genesing van die verlamde man by die bad van Betesda in Joh 5 ook op ‘n sabbatdag plaasgevind het – en ons onthou ook tog hoe die Here Jesus daar ook aan hulle uitgewys het dat hulle verkeerdelik besorgd was oor die feit dat Hy daardie man op ‘n sabbatdag genees het. Ons het destyds gesien dat die Here Jesus geoordeel het hulle oordeel nie regverdig nie. Hulle het nie verstaan dat die genesing van die lam man ‘n uitbeelding was van die Here Jesus se verlossingswerk nie. En die Here Jesus se verlossingswerk gee juis aanleiding daartoe dat iemand deel kan kry aan die ewige sabbatsrus – daarom was dit sinvol dat Hy die man op ‘n sabbatdag genees het. Die Joodse leiers het hier niks van

verstaan nie – hulle het bloot vasgehou aan ‘n dogmatiese nakoming van hulle interpretasie van die sabbatsgebod.

Lees Joh 9:15. Die Fariseërs wou van die man weet hoe die Here Jesus hom gesond gemaak het, en sy antwoord was  dat Hy modder gemeng het, dit op sy oë gesmeer het, en toe moes hy hom gaan was. Volgens die Fariseërs was hier ten minste drie oortredings: dit was nie toelaatbaar om op die sabbat te meng nie, ook nie om iets aan die oë te smeer nie, en ook nie om iemand gesond te maak nie – behalwe as die persoon se lewe bedreig word, wat duidelik nie hier die geval was nie – immers was die man al van sy geboorte af blind.

Lees Joh 9:16. Daar het nou twee opinies onder die Fariseërs ontstaan: Een groep het geredeneer die Here Jesus het die sabbatsgebod oortree. Volgens hulle impliseer dit dat die Here Jesus gesondig het, en dit impliseer vervolgens dat Hy daarom nie van God kan kom nie. Hierdie opinie hou natuurlik net water as die Fariseërs se interpretasie van die sabbatsgebod akkuraat is – wat ons uit Joh 5 al weet nie die geval was nie. Die ander groep het geredeneer die Here Jesus kan nie ‘n sondige mens wees nie – immers het Hy tog ‘n indrukwekkende genesing bewerk, en sondige mense kan mos nie so iets doen nie. Wel, die opinie hou ook nie werklik water nie – dink maar net aan die wonders wat Moses destyds voor die Farao gedoen het, en dit terwyl Moses ook net ‘n sondige mens was.

Lees Joh 9:17. Siende dat die Fariseërs onderling verdeeld was oor wat hulle van die Here Jesus moet dink, vra hulle vir man: “Wat sê jy van Hom?” Die man antwoord: “Hy is ‘n profeet.” Dit bevredig natuurlik nie die Fariseërs nie. Hulle redeneer iewers mis hulle iets. Lees Joh 9:18-19. Hulle roep toe die man se ouers. Van die man se ouers wil hulle twee dinge weet: (1) Is hierdie man julle seun wat blind gebore is? En (2) Hoe het dit gebeur dat hy nou sien?

Lees Joh 9:20-23. Op die eerste vraag van die Fariseërs antwoord die ouers baie gemaklik en duidelik – dit is hulle seun, en hy is blind gebore. Natuurlik is dit ‘n veilige antwoord om te gee – dit is eenvoudig feitlik waar. Niemand kan bevraagteken of dit hulle seun is nie, en hulle kan getuig dat hy blind gebore is. Dit is die tweede vraag wat vir sy ouers ‘n probleem is. Al wat hulle bereid is om te sê is hulle weet nie wie dit gedoen het nie, en in elk geval is hy oud genoeg om die vraag self te kan antwoord. Ons sal netnou verder hieroor dink.

Natuurlik help dit die Fariseërs niks nie. Hulle sit steeds met die harde realiteit: hier is ‘n man wat blindgebore is, maar want nou kan sien – en die man sê dit was die Here Jesus wat dit gedoen het. Hulle weet eenvoudig nie wat om hiermee te maak nie. So, hulle roep die man vir ‘n tweede keer om seker te maak hulle mis nie iets nie. Lees Joh 9:24. Hierdie keer plaas hulle meer druk op die man: Hulle beveel hom hy moet aan God die eer gee oor wat hier gebeur het. Daar is iets wat hy hulle nie vertel nie. Ja, hulle ontken nie dat hy blind was en nou sien nie, maar hoe kan dit wees dat dit die Here Jesus was wat dit gedoen het? Immers weet hulle Hy is ‘n sondaar. En as jy wil weet hoe hulle geweet het dat Hy ‘n sondaar is – wel, waarskynlik het hulle dit afgelei uit die feit dat Hy juis die man op ‘n sabbatdag gesond gemaak het. Maar ons weet die Here Jesus het hulle al gewys hulle interpretasie van die sabbatsgebod is gebrekkig. Lees Joh 9:25. Die man laat hom egter nie so maklik van stryk bring nie. Ja, hy kan nie oordeel of die Here Jesus ‘n sondaar is of nie – immers is die leiers sekerlik in ‘n beter posisie om hieroor te oordeel as hy – maar, daar is een ding wat hy wel weet: Hy was blind, en nou sien hy!

Lees Joh 9:26. Weer wil die Fariseërs weet hoe het die Here Jesus dit gedoen? Lees Joh 9:27. Die man word ook nou gefrustreerd met die leiers: Hy het mos nou al aan hulle verduidelik – het hulle nie mooi geluister nie, of wil hulle dalk ook altemit dissipels van die Here Jesus word? Natuurlik is dit

glad nie wat die Fariseërs in gedagte het nie. So hulle skel die arme man uit – lees Joh 9:28-29. In plaas daarvan dat hulle oorweeg om ook dissipels van die Here Jesus te word, beskuldig hulle die man daarvan dat hy wel 'n dissipel is van die Here Jesus, maar hulle, daarenteen, is dissipels van Moses. Hulle is oortuig dit is meer verantwoordelik om Moses se dissipels te wees, want ten minste het God met Moses gepraat, ten minste is dit in die Ou Testament opgeskryf, ten minste kan hulle dit bestudeer en interpreteer. Hulle werk darem vanaf 'n deeglike basis. Anders as die man wat 'n dissipel is van die Here Jesus – wat weet 'n mens nou eintlik van die Here Jesus af? Hulle redeneer hulle weet nie eers waar Hy vandaan kom nie.

Is dit nie tragies nie? Vroeër in Johannes het hulle juis geredeneer hulle weet waarvandaan hy kom – hy kom uit Galilea, en hulle ken Sy ma en broers (bv Joh 7:27). Dit was op daardie stadium juis hulle argument oor hoekom Hy nie die Christus kan wees nie. Nou redeneer hulle hulle weet nie waarvandaan Hy kom nie – en daarom kan hulle nie Sy dissipels wees nie. Ironies genoeg, is hulle eintlik reg – hulle weet nie waar Hy werklik vandaan kom nie – Hy kom van Sy Vader in die hemel af, iets wat die Jode natuurlik nie wou erken nie. Die probleem vir die Fariseërs was dat Hy net hoegenaamd nie ingepas het by wat Moses geleer het nie. Hulle het eenvoudig nie raakgesien dat Moses 'n tipe van die Here Jesus was nie, en dat Moses en dit wat hy die volk geleer het heengewys het na die Here Jesus nie. Hulle het hulle interpretasie van Moses gehad, hulle was oortuig hulle verstaan Moses, en daar was geen ruimte in hierdie interpretasie vir die Here Jesus nie, en daarom maak die Here Jesus vir hulle geen sin nie.

Lees Joh 9:30-33. Dit is verstommend. Hierdie ongeleerde man kan dwarsdeur die kortsigtigheid van die geestelike leiers sien. En hy wys hulle swak redenasie aan hulle uit: Hy sê dis verbasend dat hulle nie eers weet waar die Here Jesus vandaan kom nie. Vir hom is die saak eenvoudig: Siende dat die Here Jesus sy blindheid genees het, moet dit beteken Hy kom van God af. Hy wys hulle gebrek aan logika uit, hy wys aan hulle dat hulle eenvoudig nie die feite in die oë wil kyk nie.

Lees Joh 9:34. Natuurlik ontstel dit die Fariseërs net nog meer. Hulle beskuldig die man nou dat hy in sonde gebore is – wat, ironies genoeg, natuurlik waar is. Hulle voel daarom kan hy hulle nie leer nie. Weereens is hulle blind vir die feit dat hulle ook in sonde gebore is, en tog wil hulle die man leer. Maar in radeloosheid omdat hulle steeds nie verstaan wat besig is om te gebeur nie, omdat hulle voel die man het hulle uitoorlê, ban hulle die man uit.

Geliefdes, ek hoop dit is duidelik: T.s.v. die Fariseërs se kennis van Moses, t.s.v. hulle ywer om dit te bestudeer en dit vir ander te leer, kon hulle nie die Here Jesus raaksien as die lig vir die wêreld nie. Hulle was vas oortuig hulle verstaan die Ou Testament, hulle wou nie na die Here Jesus luister as Hy hulle byvoorbeeld oor die sabbatdag onderrig nie – hulle hou hardkoppig vas aan hulle eie interpretasie. Al word hulle met harde feite gekonfronteer waar die Here Jesus 'n blindgebore man laat sien, weier hulle om na Hom te luister. In hulle oë, is hulle interpretasie per definisie reg, en as die Here Jesus van hulle verskil, is Hy per definisie verkeerd. Hulle weet hulle is reg, hulle insig is volgens hulle onfeilbaar. In realiteit weet hulle egter nie eers dat hulle blind is nie, en daarom verwerp hulle die Here Jesus as die lig vir die wêreld.

<u>Reaksie 2: Besluitloos oor die Here Jesus as die lig vir die wêreld</u>

'n Tweede moontlike reaksie teenoor die openbaring van die Here Jesus as die lig vir die wêreld is om nie standpunt in te neem nie, om besluitloos te bly, om op die draad te bly sit – d.w.s. om agnosties hieroor te wees.

Ons sien hierdie reaksie by die man se ouers. Hulle is gekonfronteer met presies dieselfde feite as waarmee die Fariseërs en ook die man gekonfronteer is. Hulle het geweet wat die feite is: hulle het

geweet die man is hulle seun, hulle het geweet hy is blindgebore – hulle was selfs meer oortuig hieroor as hyself, hulle het hom tog al geken as hulle blinde seun voordat hy nog verstaan het hy is blind. Hulle het ook geweet dat hy nou skielik kan sien. Hulle het dit selfs nie net geweet nie, hulle het dit openlik selfs teenoor die Fariseërs erken (Joh 9:20-21).

Maar toe hulle gevra het oor hoe dit gebeur het dat die man nou skielik kon sien, was hulle nie bereid om iets te sê nie, hulle het net gesê hulle weet nie. Al wat hulle bereid was om te sê was dat hulle seun groot genoeg is om vir homself te kan praat – die Fariseërs moet hom maar self vra.

Uit Joh 9:22-23 word dit duidelik hoekom die ouers nie bereid was om standpunt in te neem nie – hulle was bang dat hulle uit die sinagoge geban sou word as dit blyk dat hulle erken die Here Jesus het hom gesond gemaak, wat sou impliseer dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is, en by implikasie, dat die Here Jesus inderdaad die Christus is. Eerder as om die risiko te loop om uitgeban te word, sê hulle liewer niks. Hulle sit eerder op die draad. Hulle wil nie betrokke raak nie. Hulle wil net rustig met hulle lewe aangaan. Hulle wil niemand pla nie, en niemand moet hulle pla nie. Die wonder dat hulle blindgebore seun skielik kan sien, is nie genoeg motivering om hierdie wonder te omhels nie, en veral om die Een wat die wonder gedoen het, te omhels nie. Nee, hulle weet hulle kan dan net moeilikheid verwag. Hulle spreek hulle nie teen Jesus uit nie, maar hulle spreek hulle ook nie ten gunste van Hom uit nie. Hulle doen en sê net niks – hulle seun moet maar die stryd voer. Hulle sit op die draad.

Hulle stilswye is in wese nie veel anders as die Fariseërs se verwerping van die Here Jesus nie. Hulle erken ook nie die Here Jesus as die lig vir die wêreld nie. Daar is baie mense in die wêreld wat eenvoudig nie 'n opinie oor die Here Jesus het nie. Hulle tree nie doelbewus en aktief op teen die Christelike godsdiens nie, maar hulle neem ook nie deel nie. Hulle wil net uitgelos wees en ongestoord hulle lewens lei. Ongelukkig beteken dit hulle erken dan nie die Here Jesus as die lig nie, en dit beteken hulle bly blind in die duister, en word nie gered nie.

<u>Reaksie 3: Aanvaar die Here Jesus as die lig vir die wêreld</u>

Die derde moontlike reaksie is dat iemand die Here Jesus wel erken as die lig vir die wêreld. Dit word natuurlik in die gebeure afgebeeld deur die man wat gesond gemaak is.

Dit is indrukwekkend om raak te sien hoe die man deur die loop van die debat al hoe meer betrokke raak en met die geleerde Fariseërs redeneer. Dit word vinnig duidelik hy redeneer baie meer logies as hulle. Natuurlik is die feit dat hy skielik kan sien 'n absolute werklikheid vir hom wat hy persoonlik beleef het – niemand hoef hom hiervan te oortuig nie, nie eers sy ouers nie. Hy weet hy was blind, en nou kan hy sien. Hy beleef dit – dit is werklikheid. En dit is die belangrike punt: vir diegene wat blind was en toe deur die Here Jesus gesond gemaak is sodat hulle nie langer in die donker is nie, maar wel in die lig, is die waarheid dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is die mees logiese ding om te aanvaar, om raak te sien en dit selfs te verdedig. Die oortuiging van hierdie man kom nie uit lang intellektuele studies soos wat die Fariseërs se oortuigings kom nie, dit kom ook nie uit sy verbintenis met sy ouers nie – nee, dit kom uit wat hyself persoonlik belewe het – hy was blind, nou sien hy, dit was die Here Jesus wat dit gedoen het, daarom moet die Here Jesus dus die lig vir die wêreld wees. Dis logies, dit spruit uit sy persoonlike ervaring – en dit is die Here Jesus wat hom dit laat ervaar het. Kortom, dit benodig 'n direkte ingrype van die Here Jesus om oortuig te word Hy is die lig vir die wêreld.

Maar let nou op die verdieping van hierdie man se oortuiging oor die Here Jesus soos wat die debat vorder:

- Laasweek het ons in Joh 9:10-11 gelees kort nadat die man kon sien, het sy bure en die wat hom as bedelaar geken het, gevra hoe dit gebeur het. Hy het hulle geantwoord dit was die man wat Jesus genoem word, wat hom gesond gemaak het.
- Vandag het ons tydens die eerste ondervraging deur die Fariseërs gelees die man is ook deur die Fariseërs gevra wat hy self sê van die Here Jesus. Toe was sy antwoord: "Hy is 'n profeet" (Joh 9:17)
- Tydens die tweede ondervraging deur die Fariseërs het die man begin verstaan hoe min die Fariseërs verstaan. In Joh 9:33 het hy reguit vir hulle gesê die Here Jesus moet van God af kom, anders sou Hy nie kon doen wat Hy gedoen het nie.
- Lees Joh 9:35-38. Verstommend. Toe die man deur die Fariseërs uitgeban is, toe is dit die Here Jesus wat die man opsoek. Dit is toe dat die Here Jesus hom vra of hy in die Seun van die Mens glo. Die man het egter erken hy weet nie wie die Seun van die Mens is nie, maar as die Here Jesus hom leer wie dit is, sal hy in Hom glo. Jesus sê vir die man: "Jy kyk na Hom. Hy wat met jou praat, dit is Hy." En die man sê: "Ek glo, Here!", en hy aanbid die Here Jesus.

Sien jy die ontwikkeling? Aanvanklik praat hy net van "die man Jesus" – op daardie stadium was die Here Jesus waarskynlik net 'n besondere mens vir hierdie man – wat natuurlik waar was. Toe vorder hy tot die punt waar hy sê die Here Jesus moet 'n Profeet wees – wat natuurlik ook waar was. Daarna kom hy tot die insig die Here Jesus moet van God kom – Hy moet dus meer as net 'n mens wees – wat natuurlik ook waar was. En nadat die Here Jesus aan hom verduidelik Hy is die Seun van die Mens is, sê hy "Ek glo, Here" – nou is die Here nie meer net 'n mens nie, nee, Hy is Here. En die man aanbid Hom.

Hierdie man was blind, hy kon niks sien nie. Maar nou is sy oë oop. En hy hou sy oë oop. Hy wil leer. Hy kyk na dieselfde feite as die Fariseërs en sy ouers – maar hy kom tot 'n heel ander gevolgtrekking. Hy kan mooi sien, hy leer soos wat hy redeneer, hy is bereid om van die Here Jesus verder te leer, so anders as die Fariseërs wat steeds nie begryp het hulle verstaan nie eers die sabbatsgebod nie. Hy beweeg aan van 'n siening oor die Here Jesus as bloot 'n mens, na 'n siening dat Hy 'n Profeet is, daarna 'n siening dat Hy van God af kom, en laastens by 'n siening dat Hy die Seun van die Mens is. En dan aanbid Hy die Here Jesus, wat dit alles bewerk het.

Lees Joh 9:39. Dit is juis hoekom die Here Jesus na die aarde gekom het, dit is die opdrag wat Hy van Sy Vader ontvang het om te kom doen: Hy moet 'n beslissing in die wêreld kom maak: die wat nie sien nie, moet Hy laat sien. Die wat nie sien nie, is natuurlik die blinde man. Hy kon nie sien nie, maar toe kom die Here Jesus, en nou kan hy sien. Maar die Here Jesus het ook gekom om die wat sogenaamd kan sien, blind te maak. Dit verwys natuurlik na die Fariseërs. Hulle het gedink hulle kan alles mooi sien – immers is hulle ywerige bestudeerders van Moses. Maar eintlik was hulle blind, want hulle het nie die betekenis van Moses verstaan nie. En die Here Jesus het gekom om vir hulle te wys hulle is blind. Lees Joh 9:40-41. Die Fariseërs het nou begryp dat hulle in die oë van die Here Jesus blind was. Solank hulle nie die Here Jesus wil erken as die lig vir die wêreld nie, bly hulle in hulle sonde, en bly hulle blind.

<u>Toepassings</u>

Ek wil graag twee toepassings uit hierdie gedeelte maak:

- Die eerste toepassing is voor die handliggend. Wat sê jy van die Here Jesus rakende die feit dat Hy die lig vir die wêreld is?
    - Daar is baie ateïste. Daar is baie mense van ander gelowe. Daar is baie mense wat hoogstens die Here Jesus erken as 'n historiese figuur, maar net as 'n mens. Hulle sal

selfs erken dat Hy 'n baie goeie mens was. Maar hulle wil nie erken dat Hy van God af gekom het nie. Hulle wil nie erken dat Hy die Seun van die Mens is nie. Hulle wil nie erken dat Hy God is nie. Hulle redeneer om in Hom te glo as die Een wat sin in jou lewe kan bring, om in Hom te glo as die lig vir die wêreld, om in Hom te glo as die Christus, is uitgediend en oudmodies. Dit is selfs naïef. Hulle glo eerder in hulle eie interpretasies en verduidelikings van wat in die wêreld gebeur. Hulle glo nie in enige openbaring van God as die Vader van die Here Jesus nie. Hulle is soos die Fariseërs. Hulle dink hulle het kennis en insig. Maar in werklikheid is hulle blind. Hulle is blind, want die Here Jesus het hulle nie gesond gemaak nie. Hulle is blind want hulle het hulleself nie gewas in die bad van Siloam, die Gestuurde, nie. Hulle is steeds op pad na die verderf. Hulle verwerp die Here Jesus as die lig vir die wêreld. Is dit dalk jy?

  - Daar is baie agnostici. Daar is ook baie mense wat redeneer hulle weet nie werklik wat om van die Here Jesus te sê nie. Hulle hoor wat die Christene leer. Maar hulle hoor ook van soveel ander gelowe. En dan is daar ook nog so baie wat redeneer daar is geen god nie. Wie is nou reg? Of is almal dalk gedeeltelik reg? Hulle weet nie. Daar is selfs mense wat redeneer ons kan nie weet nie, dit is nie moontlik om te weet nie. In elk geval, redeneer hulle, hulle wil nie moeilikheid veroorsaak deur standpunt in te neem nie. Wat ookal jou standpunt is, iemand gaan van jou verskil. So, hulle benadering is: hulle sit net terug. Hulle sê niks. Hulle wil net rustig hulle lewe leef – soos hierdie man se ouers. Wel, die feit van die saak is, hulle is ook steeds blind, en hulle is ook op pad na die verderf. Hulle erken ook nie die Here Jesus as die lig vir die wêreld nie. Is dit dalk jy?
  - Genadiglik is daar ook baie ware Christengelowiges. Daar is baie mense wat al ervaar het hoe die Here Jesus hulle oë oopgemaak het. Skielik verstaan hulle hoe blind hulle was. Hulle verstaan dit was die Here Jesus wat hulle laat sien het deur hulle te laat was in Hom as die Gestuurde. Hulle erken Hom as Here. Hulle aanbid Hom. Hulle wys vir ander mense dit is die enigste manier om werklik te kan sien. Al die ander maniere en benaderings laat jou steeds blind. Hulle is oortuig Hy is die lig vir die wêreld. Is jy seker dit is jy?

- In die tweede toepassing wil ek graag uitlig dat dit juis die Fariseërs was wat die Here Jesus verwerp het as die lig vir die wêreld – hulle was die geestelike leiers van destyds. Natuurlik is daar vandag baie mense buite die kerk wat nie die Here Jesus erken as die lig vir die wêreld nie. Maar die gevaar is daar kan selfs mense binne die kerk wees, daar kan selfs kerkleiers wees, wat nie erken dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is nie. Die Fariseërs was geleerd en baie ywerig, maar hulle het nie die lig gesien nie. Netso kan daar selfs bekwame, geleerde en ywerige kerkleiers wees wat nie die lig sien nie. Soos die Fariseërs kan hierdie leiers vasgevang wees in hulle eie interpretasie van die Woord, hulle kan vasgevang wees in tradisies en gebruike wat met verloop van tyd ontwikkel het. Hulle kan klakkeloos agter vorige interpretasies van die Woord aanloop en dit verdedig, sonder dat hulle hulle persoonlik vergewis het daarvan of dit die verantwoordelike interpretasie is. Ek het al verskeie kere gesien waar geskille in gemeentes ontstaan, hoe kerkleiers dikwels 'n tradisionele posisie inneem. Wanneer hulle egter gedaag word om hulle posisie te verdedig, is hulle glad nie gereed om dit te doen nie, want hulle het hulle nog nooit werklik hierin ingegrawe om dit werklik te verstaan nie. Dit is gevaarlik. Hulle kan soos die Fariseërs dink hulle is reg, maar steeds blind wees. Veral kerkleiers het die verantwoordelikheid om telkens opnuut maar weer te ondersoek of hulle werklik verstaan wat hulle glo, en of wat hulle glo in lyn met God se Woord is.